

Mei
2012

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445
24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400	

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

KONSEPBEGROTING 2012

Overstrand Munisipaliteit se konsep Bedryfs- en Kapitaalbegroting vir 2012/13 asook die indikatiewe begrotingsramings vir 2013/2014 en 2014/2015 tesame met konsepte van begrotingsverwante beleide, is aan die einde van Maart op die Raadsvergadering ter tafel gelê.

Hierdie dokumente was tot 30 April 2012 vir openbare insae oop. Beoordelings met provinsiale amptenare en ander belanghebbendes vind tans plaas ten einde die begroting, tariewe en beleide te hersien in die lig van die kommentaar wat ontvang is. Die finale begrotingsvoorstelle en begrotingsverwante beleide sal op 30 Mei 2012 deur die Raad oorweeg word.

Die totale begroting, d.w.s. bedryfs- en kapitaalbesteding gekombineerd, beloop R926 miljoen, wat 'n groot insluiting vir die plaaslike ekonomie sal beteken. Die koste vir die verbruiker is beperk tot 'n basislyn-verhoging van 6 persent in residensiële eiendomsbelasting, 8 persent in besigheids-eiendomsbelasting en 6 persent in verbruikersdienste. Die uitsondering is elektrisiteit waar 'n verhoging van 13.5 persent buite die beheer van die munisipaliteit was omdat dit deur die Nasionale Energie-reguleerder (NERSA) bepaal word.

Die voorgestelde kapitaalbegroting bedra R142 928 088 in 2012/13 wat 'n vermindering van 23 persent op die 2011/2012 gewysigde begroting van R189 186 000 beteken. Die munisipaliteit gaan, soos in die afgelope vier

jaar, voort met sy langtermynvisie om te belê in nuwe grootmaat-infrastruktuur en die opgradering van bestaande infrastruktuur ten einde agterstande die hoof te bied en behoorlike dienslewering te verseker.

Kapitale begrotingsbesteding uit eie fondse sal R103.5 miljoen beloop wat deels deur 'n eksterne lening van R40 miljoen en kontant ter waarde van R14.5 miljoen befonds sal word. Dit sluit nie die eksterne lenings wat vir water, riool en elektrisiteit ge-oormerk is, in nie.

'n Bedrag van R6.5 miljoen, wat neerkom op R500 000 vir elk van die 13 wke, is vir wykspesifieke projekte bewillig.

Die voorgestelde bedryfsbegroting vir 2012/2013 is R782 751 923 vergeleke met die huidige gewysigde begroting van R727 404 175. Dit verteenwoordig 'n toename van 7.16 persent.

Salarisse, lone en toelae bedra R226.5 miljoen of 28.9 persent van die bedryfsbegroting. Hierdie syfer sluit die besoldiging van raadslede in. Personeelsterkte sal met slegs negte poste uitgebrei word. Hierdie begroting sluit salarisverhogings van 5 persent in gebaseer op die gemiddelde inflasiekoers oor twaalf maande, aangesien daar nog geen loonooreenkoms beding is nie.

Die totale voorgestelde inkomstebegroting bedra R685 825 844, hulptoekenning uitgesluit. Dit vergelyk met 'n gewysigde begroting van R629 731 398 in 2011/12 en verteenwoordig 'n

toename van 8.91 persent.

Vrystellings en kortings word voorgestel. Kragtens die Tarieweverhoudingsregulasies moet landboueiendom bereken word teen 25 persent van residensiële eiendom se sent in die rand. Infasering hiervan sal voortgaan vir die tweede jaar van 'n driejaarsiklus om vir die huidige jaar op 20 persent tot stand te kom.

Die toename in die aankoopkoste van elektrisiteit was 13.5 persent maar verbruikers sal betaal teen 'n bloktariefstruktuur soos deur NERSA voorgeskryf. Huishoudelike voorafbetaalde en kredietmetertariewe word gedifferensieer ten einde verbruikers aan te moedig om na voorafbetaalde elektrisiteit oor te skakel.

Vir water en riool is die tariewe vasgestel volgens die koste om die diens te lewer met 'n gemiddelde verhoging van 6 persent. Naas die noodsaak om die skaars kommoditeit van water optimaal te bestuur, het verhogings in die prys van elektrisiteit en chemikalieë vir suiwering ook 'n invloed op die koste om hierdie dienste te lewer. Die bloktarief vir waterverbruik is egter gestruktureer om 'n basiese bekostigbare tarief vir tot 30 kl per huishouding per maand vas te stel. Daar sal voortgegaan word met die hef van beperkingstariewe om buitensporige waterverbruik te verhoed en onderverhaling te korrigeer. Die laer vlak van die bloktarief moes egter hersien word om die herwiningskoste van water-voorsiening te balanseer.

Die gelykstelling van riooltariewe vir alle eiendomme in dorpsgebiede is in die laaste jaar van infasering en alle eiendomme word nou teen 'n eenvormige basiese tarief aangeslaan. Daar is nou ook 'n stelsel van volumetriese tariewe volgens waterverbruik met maksimum-plafonne hoewel sekere kategorieë gebruikers steeds 'n keuse sal kan maak tussen volumetriese koste of 'n koste per diens.

Tariewe vir vullisverwydering is swaar geraak deur die brandstof-prysindroom. Een verwyderingsper week sal nou ingestel word vir Groter Hermanus en die tariewe is aangepas om gelykstelling in die hele Overstrand-gebied teweeg te bring. Nog 'n faktor wat 'n rol gespeel het is die konsensieuse saak van die Karwyderskraal streeksgrondopvulterrein wat deur die Overberg Distriksmunisipaliteit beheer word. Die huidige terrein is stampvol en 'n nuwe sel sal eers in 2013 voltooi word. Overstrand Munisipaliteit moes groot koste aangaan om afval na die Gansbaai opvulterrein te vervoer en die kapitaalbegroting moes voorsiening maak vir die konstruksie van 'n addisionele sel by Gansbaai oor die volgende twee jaar.



BELANGRIKE GRONDTRANSAKSIES GEKANSELLEER

Vir die Munisipaliteit Overstrand is die verkoop van grond wat nie vir munisipale doeleindes benodig word nie 'n belangrike manier om kapitaalontwikkelingsprojekte te finansier.

Fondse wat op hierdie manier verkry word, word veral aangewend om gemeenskapsprojekte wat nie inkomste vir die munisipaliteit genereer nie te befonds, soos die teer van strate en die ontwikkeling van sport- en gemeenskapsfasiliteite.

Twee transaksies wat inkomste ter waarde van sowat R13 miljoen vir sulke projekte sou gegenereer het is egter die afgelope tyd om verskillende

redes gekanselleer:

- Die tender vir die grond waarop die tennis- en muurbalbane in Hermanus geleë is, kon nie toegeken word nie omdat die enigste geldige aanbod onder die reserweprys was.
- Die transaksie vir die ontwikkeling van 'n onkologiesentrum naby die hospitale in Hermanus moes gekanselleer word omdat die aanvanklike oogmerke van die ontwikkelelaar in die huidige ekonomiese klimaat nie meer haalbaar was nie terwyl sy voorstelle vir alternatiewe aanwending van

die grond nie regverdig sou gewees het teenoor ander potensiële kopers wat nie belang stel in die ontwikkeling van 'n onkologiesentrum nie.

Die finale koopkontrak vir die Sandbaai-meentgrond, waarvan die oordrag teen R40 miljoen onlangs deur die Raad goedgekeur is, word tans nog met die suksesvolle tenderaar onderhandel. Omdat dit nog nie afgehandel is nie, is die opbrengs uit hierdie tender nie by die konsepbegroting vir 2012/13 ingesluit nie.

Die hantering van bogenoemde transaksies word openbaar gemaak omdat

dit in belang van goeie regering nodig is om oop en deursigtig te wees. Hoewel daar 'n impak op kapitaalprojekte in 2012/13 gaan wees, is die Overstrand Munisipaliteit in die gelukkige posisie dat hy in die volgende finansiële jaar meer as R39.4 miljoen in die vorm van hulpotoekenninge gaan ontvang om infrastruktuur te skep. Bykomend daartoe sal 'n lening van R40 miljoen aangegaan word.

Die raad beskik ook oor R14.5 miljoen uit opgehoopde reserwes wat vir kapitaalprojekte in die nuwe finansiële jaar aangewend kan word.

HANTEER BOUROMMEL SÓ

Toenemende probleme word ondervind met lede van die publiek en bouers wat nie hulle bourommel skei nie en dit dan by die oorlaaistadies wil kom stort. 'n Beroep word op die publiek en op bouers gedoen om stene, klippe en sand (d.w.s skoon bourommel) nie met materiale soos sementsakke, plastiek, papier, karton en metaal te meng nie.

Skoon bourommel kan gratis by die stortingsterreine op Karwyderskraal en Gansbaai afgelaai word, maar vuil bourommel kan slegs teen 'n tarief soos in die begroting bepaal, gestort word en dan net by die Gansbaai-stortingsterrein. Hoewel Karwyderskraal tans weens konstruksiewerk gesluit is, word skoon bourommel as dekkingsmateriaal gebruik en steeds daar aanvaar.

Materiale soos papier, sementsakke, plastiek, karton en metaal kan by oorlaaistadies gelaai word, asook 1 ton bakkie- of kleiner vragte skoon boumateriaal.

Bouers en die publiek se samewerking sal waardeer word.



Van links: Rdl. Ben Solomon; me Rina de Wet; Overstrand Toerismebestuurder Suné Greeff; Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie; mnr Craig Holmes; Direkteur van Ekonomiese Ontwikkeling Solomzi Madikane; mnr Johan Pieterse; mnr Louis Raubenheimer; me Mary Faure; me Liz Fick; mnr Klem Dunstan; en Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald.

TOERISME-ADVIESKOMITEE IN WERKING

Die eerste vergadering van die Overstrand Toerisme-advieskomitee (OTAK) is op Donderdag 22 Maart 2012 gehou met Uitvoerende Burgemeester rdl. Nicolette Botha-Guthrie as voorsitter.

Soos die naam aandui is die doel van die liggaam om die Overstrand Munisipaliteit van advies te bedien en aanbevelings te maak met die oog op die versterking en groei van die toerismenywerheid in die munisipale gebied. Die komitee is gestig ingevolge die bepalings van artikel 17 van die Munisipale Stelselwet.

Die komitee sal kwartaaliks vergader maar mag te enige tyd wat nodig blyk byeengeroep word om, onder

andere, beleid en praktyke met betrekking tot die bevordering van toerisme asook die bemaking van die gebied as 'n toerismebestemming, te oorweeg.

Die toerismenywerheid word deur nege lede in die komitee verteenwoordig waarvan vyf ná werwingsadvertensies in die plaaslike media, vir 'n tydperk van twee jaar aangewys is op grond van vaardighede en ervaring in die nywerheid. Hulle is Klem Dunstan, Rina de Wet, Louis Raubenheimer, Wilfred Chivell en Craig Holmes. Die ander vier plekke word ingeneem deur die voorsitters van die vier plaaslike toerismekomitees, naamlik Liz Fick (Voorsitter: Hangklip-Kleinmond Toerisme), Mary Faure (Voorsitter: Her-

manus Toerisme), Jami Kastner (Voorsitter: Stanford Toerisme) en Johan Pieterse (Voorsitter: Gansbaai Toerisme).

Overstrand Munisipaliteit word, in hul amptelike hoedanighede, verteenwoordig deur Uitvoerende Burgemeester rdl Nicolette Botha-Guthrie; die Voorsitter van die Portefeuljekomitee vir Finansies en Ekonomiese Ontwikkeling, rdl Ben Solomon; die Munisipale Bestuurder, mnr Coenie Groenewald; die Direkteur Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, mnr Soli Madikane; en die Bestuurder, Toerisme: me Suné Greeff.

Die komitee sal op sy volgende vergadering 'n voorsitter verkies.

MORELE STANDAARDE INISIATIEF

WAARDES: TEORETIESE LUKSE OF PRAKTIESE IMPERATIEF?

Die gesprek oor waardes in die Overstrand mag vir sommige mense na 'n teoretiese luukse klink. Van die Morele Standaard Inisiatief se kant glo ons egter dat die gesprek oor waardes 'n uiters praktiese saak is. Ons is 'n diverse gemeenskap in die Overstrand. 'n Mens sou verwag dat só 'n diverse gemeenskap nie een lewensruimte kan deel nie. Die verskille moet tot konflik en chaos lei.

Al manier hoe 'n diverse gemeenskap in harmonie met mekaar kan leef, is as hulle 'n paar gemeenskaplike waardes deel. Dit vorm die basis waarop 'n gemeenskap in die Overstrand 'n gesamentlike toekoms bou. Sonder gemeenskaplike waardes kan ons nie 'n gelukkige gemeenskap wees nie.

Die ideaal is dat kernwaardes deur die gemeenskap self na vore gebring word. Watter soort gemeenskap wil ons wees? Hoe sien ons 'n toekoms vir ons kinders? Op watter manier sal ek graag my laaste jare wil deurbring? Wat verwag ons van ons leiers? Deur 'n oop gesprek sal ons ontdek dat ons baie nader aan mekaar lê as wat ons

dink. Ons sal verbaas wees oor die mate waarin ons lewensdrome ooreenstem. Hierdie konsensus oor kernwaardes word uiteindelik die basis vir die bou van 'n gelukkige samelewing.

Uit talle gesprekke in die Overstrand blyk dit dat veral drie waardes deur almal gedeel word: **Respek, Verantwoordelikheid en Omgee**. Talle ouers sal graag hierdie waardes aan hulle kinders wil oordra. Watter familie sal dit nie graag deel van hulle daaglikse lewe wil maak nie? Watter skool sal nie graag op hierdie basis wil funksioneer nie? Hoe graag sal 'n plaaslike owerheid nie op hierdie drie pilare wil bou as hulle beplan, bestuur en bedien nie? Die kerke praat daaglik met hul lidmate oor hierdie drie sake.

Is waardes slegs 'n teoretiese luukse? Beslis nie! Sonder gedeelde waardes sal ons nie 'n gelukkige gemeenskap vir ons kinders in die Overstrand kan nalaat nie.

Kontak die MSI by
ermstes@vodamail.co.za
of selnr. 082 412 4538.
- Wilhelm Burger

Wees op hoede vir elektrisiteitsbedrog

Inwoners van die Overstrandgebied word gewaarsku teen moontlike bedrog waardeur individue wat hul as munisipale amptenare voordoen aanbied om, teen 'n fooi wat tipies R6 000 beloop, 'n "skyfie" in hul elektrisiteitsmeter aan te bring wat elektrisiteitsverbruik sal verminder.

Hoewel die bedrieërs nog nie, sover ons weet, in die Overstrandgebied bedrywig is nie het hulle reeds inwoners van Drakenstein en Stellenbosch mislei deur 'n munisipale briefhoof wat die transaksie bevestig, te gebruik. Die huiseienaar word dan versoek om nie die munisipaliteit direk te kontak nie maar om die

nommer wat in die brief vermeld word, te gebruik.

Volgens mnr. Deon Louw, Overstrand Munisipaliteit se Adjunkdirekteur van Elektrotegniese Dienste, is daar nie sodanige projek aan die gang nie. Hy versoek inwoners om altyd te verifieer dat iemand wat voorgee om 'n munisipale amptenaar te wees, inderdaad sodanige is voordat hulle op die perseel toegelaat word.

Vir hierdie doel kan die 24 uur-beheerkamer by 028 313 8000/8111 geskakel word om die individu se naam, ID en personeelnommer te verifieer.

BAROKENSEMBLE GAAN GROOT MERK MAAK

CAMERATA TINTA BAROCCA is 'n Barokensemble van strykers met klavesimbel. Die lede sluit sommige van Kaapstad se voortreflikste musici in en hul konserte het uitstekende kritiese beoordeling in die Times en Die Burger ontvang en is ook oor Fine Music Radio uitgesaai. OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) bied met trots 'n konsert deur hierdie ensemble aan in die Munisipale Auditorium op Hermanus op Sondagmiddag 24 Junie 2012 om 15:30.

Kaartjies kos R100 (R50 vir skoliere) en besprekings kan gedoen word by BELLINI op 028 312 4988. Navrae kan aan René du Plooy op 082 940 4238 gerig word.

